PREEK So 19 Julie 2009

TEMA: Koop die tyd uit
SKRIFLESING: Pred 3:1-17
PREDIKER: Danie O'Kennedy

VOOR SKRIFLESING

- Een van die sg wysheidsboeke van die OT – saam met boeke soos Job en Spreuke.
- Word laat gedateer – ná die Babiloniese ballingskap, waarskynlik in die Persiese Tyd; skrywer is onbekend – dalk 'n groep wysheidsleraars.
- Tog verskil tussen Spreuke en Prediker – Spreuke het 'n praktiese en positiewe toon terwyl Prediker 'n meer negatiewe toon het.
- Prediker is 'n eerlike boek wat kom sê dat die lewe nie so eenvoudig is nie – dikwels meer ingewikkeld as wat ons dink. Dit is daarom 'n boek wat mense van ons dag ook moet lees – mense wat sukkel om te glo of die sogenaamde "post-moderne" mens.
- Daar is veral twee sinne wat belangrik is vir die verstaan van hierdie boek: "alles kom tot niks" (alles tevergeefs); en "in hierdie wêreld" (onder die son). Prediker toon aan dat lewer onder die son, los van God, geen betekenis het nie; sonder God het selfs wysheid geen blywende betekenis nie.
- Prediker beklemtoon dat die lewe op aarde maar kort is.

BOODSKAP:

(1) INLEIDING

Gemeente, somtyds is dit moeilik om 'n teks te kies om oor te preek, maar ander tye is dit asof die teks en tema na jou aangehardloop kom. Hoekom het ek hierdie teks en tema gekies?

- Ek het die voorreg gehad om 'n bietjie vakansie te hou. As 'n mens tyd het om te rus - weg van jou werk en weg van die gejaag - dink jy 'n bietjie meer oor die lewe en jou dink ook meer oor tyd.
- Net voor ons met vakansie weg is, het 'n goeie vriendin se pa gesterf. Net nadat ons teruggekom het, het'n oud-buurman in die gemeente skielik aan sy hart gesterf. Daar was ook gemeentelede wat ek die afgelope week besoek het het wat ouers aan die dood afgestaan het. Ek het tot besef gekom dat die lewe op aarde maar van korte duur is.
- Daar is 'n ook 'n paar nuwe babas die afgelope week in ons gemeente gebore – onder andere Anja Breytenbach wat in die kerkkantoor werk.

- ’n Goeie vriend het die afgelope week gehoor dat hy Veelvoudige Sklerose opgedoen het, wat sy hele lewe kan verander.
- Ek het talle mense in die hospitaal besoek wat ernstige operasies ondergaan het.
- Ek was vir ’n tyd alleen sonder my vrou en kinders – en het net besoek hoe ek na hulle verlang en wat hulle in my lewe beteken.

Ja, ek het die afgelope tyd weer bewus geword van tyd en ruimte, van lewe en dood, van die sin van die lewe. Kom ons kyk ’n bietjie dieper wat die teks sê.

(2) ELKE DING HET SY VASTE TYD

Gemeente, watter woord word die meeste in Pred 3 gebruik? Ja, die woord “tyd”. Vers 1 verwys na alles in die wêreld wat ’n vaste tyd het en dan word ’n paar praktiese voorbeelde gegee. Kyk net weer na verse 1 tot 4:

> “Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: [2] daar is ’n tyd om gebore te word, ’n tyd om te sterwe, ’n tyd om te plant, ’n tyd om plante uit te trek, [3] ’n tyd om ’n lewe te neem, ’n tyd om ’n lewe te red, ’n tyd om af te breek, ’n tyd om te bou, [4] ’n tyd om te huil, ’n tyd om te lag, ’n tyd om te treur, ’n tyd om van blydskap te dans,”

Ja, die Bybel sê elke ding het sy vaste tyd. God het dit so bepaal. En ons as mense verstaan dit nie altyd nie. Om die waarheid te sê ons verstaan nie eers tyd nie, omdat God self tyd geskep het. Ons kyk ook anders na tyd. In God se oë is tyd ‘n ewigheid – ’n begrip wat ek glad nie met my klein verstandjie kan verstaan nie.

Tyd is nie in my en jou hande. Ons kan dit ook nie beheer nie. Ek verstaan nie hoekom bv Jan Engelbrecht op 66-jarige ouderdom moes sterf nie. Ek weet nie hoekom nie. Wat ek wel weet, is dat die Bybel sê daar is ’n tyd om gebore te word en ’n tyd om te sterf.

Vir mense uit Europa en die VSA het tyd ook ’n ander rol en funksie as mense uit Afrika. Ek was eenkeer by ’n kongres waar ’n man uit Nigerië gepraat het. Hy het sy horlosie so neergesit en gesê: “Julle Westerlinge het die horlosie, maar ons in Afrika het die tyd”. Hierdie woorde het my nogal laat nadink oor tyd en wat ons oor tyd dink.

(3) IS DIE LEWE ‘N GEJAAAG NA WIND?

Gemeente, die boek Prediker kan soms negatief of sinies klink. Nege keer in die boek Prediker word die uitdrukking "gejaag na wind" gebruik (Pred 1:14, 17; 2:11, 17, 26; 4:4, 6, 16; 6:9). In Pred 1:14 staan byvoorbeeld die volgende woorde:

> "Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind".

Is dit waar? Is alles wat ek en jy doen 'n gejaag na wind?

Die Prediker het meer as 2000 jaar gelede geleef. Wat sou hy/sy van ons lewe vandag gesê het? Ek onthou nog ek het eenkeer 'n ou hoor sê wat so deur die lewe gejaag het:

> "Die lewe is 'n 'rat race' (rotresies) en ek is die rot."

Ek weet nie of julle al 'n rot of 'n marmot dopgehou het wat so op 'n wielietjie in die rondte draai nie. Die wieletjie beweeg al hoe vinniger, maar die rot kom nêrens nie. Hy draai maar net in die rondte om en om. Kan dit ook met my en jou gebeur? Is ons nie ook maar soos 'n rot wat net al hoe vinniger in die rondte draai nie?

Die Prediker sê baie duidelik dat kan met ons gebeur. Maar gelukkig is dit nie waar dit ophou nie. 'n Lewe sonder God kan bloot 'n gejaag na wind wees. Maar God laat ons anders na die lewe kyk.

(4) DIE LEWE IS 'N GAWE UIT GOD SE HAND (PRED 2:24-25)

Gemeente, in die boek Prediker kom daar voortdurend twee pole wat in spanning met staan, voor. Kyk maar net na Pred 3: Lewe en dood; plant en uittrek; huil en lag – noem maar op. En te midde van hierdie spanning tussen verskillende pole kom die Prediker sê: <u>Maak die beste van elke geleentheid. Of gryp die dag (carpe diem in Latyn).</u>

Die Bybel sê baie duidelik dat ek en jy net een lewe kry. Ons moet besef dat die lewe 'n gawe uit die hand van God is. Drie keer in die boek Prediker beklemtoon die skrywer dat alles in die lewe maar net 'n gawe uit die hand van God is (Pred 2:24; 3:13; 5:18). Meer hieroor later. Sekere omstandighede en tye in ons lewe dwing ons om dit te besef dat die lewe nie oor myself gaan nie. Die lewe gaan oor God. Dit gaan ook nie wat ek vir myself kan bymekaar maak nie. Dit gaan oor God.

<u>Glo jy dat alles in die lewe 'n gawe van God is? Elke minuut wat ek van God kry? Elke ding wat ek van God kry?</u>

(5) WAT MAAK EK MET DIE TYD WAT GOD VIR MY GEE?

Gemeente, ons het vir mekaar gesê dat die lewe op aarde nie net 'n gejaag na wind is nie. Nee, dit is 'n gawe uit die hand van God. Maar ons as Christene weet dat ons ook maar net kan aankarring met die lewe soos 'n rot wat om 'n wieletjie draai. En dan dan sterf ons op aarde. Wat maak ek en jy met die tyd wat God vir ons gee? Daar is 'n hele paar riglyne in die Bybel. Ek gaan net vanoggend 6 riglyne beklemtoon.

(a) Eer God (v 14)

Gemeente, in vers 14 staan die volgende woorde:

> "Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is: jy kan daar niks byvoeg nie en jy kan daar niks van wegneem nie. God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê."

Die Prediker beklemtoon dat ons onsag en respek vir God sal hê (letterlik word die Hebr woord "vrees" gebruik). Ons weet dat ons hoogste doel op aarde is om God te eer. Dit is waarvoor ons geskep is. En as ons nie vir God met eer nie, is ons nie besig om die tyd uit te koop nie.

Vers 11 sê dat ons nie alles van God op aarde kan verstaan nie. Ons is maar net mense en ons sal nie alles verstaan nie. Maar ons kan nog steeds vir God eer en Hom aanbid.

Gebruik jy die tyd op aarde om aan God die eer te gee? Maak jy tyd om oor God na te dink? Maak jy tyd om vir God beter te leer ken? Moedig jy ander mense aan om God te eer?

(b) God gee aan elke mens 'n taak (v 10)

Gemeente, in vers 9 vra die Prediker ernstige vrae oor al die werk waarmee ons onself op aarde besig hou. In vers 10 kyk hy met God se oë na werk en sê die volgende:

> "Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou."

Ja, God het aan ons elkeen 'n taak of werk op aarde gegee. God het nie net bedoel dat ons op aarde sal stilsit en wag vir ons dood of vir die wederkoms nie. Dit sou nie lekker gewees het om heeldag niks te doen nie. Ons moet ook ons werk of taak as deel van God se plan sien. Sommige mense het 'n formele werk, sommige is alreeds afgetree, sommige help met die huishouding en kinders. Maar elkeen van ons het take wat ons elke dag verrig wat tyd neem. Ons doen elke taak vir God en ons medemens. Of dit nou is om skottelgoed te was of om skool toe te gaan of die boeke van 'n besigheid te laat klop. Elke taak doen ek vir God. Dit is nie net tyd wat gemors word nie.

Geniet jy die taak wat God vir jou gegee het? Gebruik jy hierdie tyd tot eer van God? Of is jy maar net besig om te kla oor alles wat jy vandag doen. Ek het 'n paar jaar gelede gekla oor al die tyd wat ek moes spandeer om kinders na sportbyeenkomste rond te ry. Toe het ek besef dat daar miljoene mense in die wêreld is wat enige tyd dit sou wou doen, maar nie kan nie – mense wat nie kinders het nie of wie se kinders siek of gestremd is. Die afgelope jaar het ek telkens mense hoor sê: "Danie, ek is bevoorreg om 'n werk te hê". 'n Paar jaar gelede het ons dit maar net vanselfsprekend aanvaar. Vandag is dit nie meer so nie.

(c) Geniet die goeie van die lewe (v 12-13)

Gemeente, sommige mense maak net die ure van die dag vol. God wil hê dat ons die lewe as gawe uit God se hand sal geniet. Ek het al vroeër met julle gedeel wat my vrou vir my gesê het: "Danie, jy leef nie meer nie, jy bestaan net". God wil hê dat ons werklik met vreugde sal leef. Prediker 3:12-13 sê:

> "Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. [13] Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God."

Hierdie verse gaan nie net oor selfsugtige genot nie. Dit beklemtoon die wêreld ook. Nee, dit gaan daaroor dat alles op aarde as 'n gawe uit die hand van God geniet moet word. Kom ek noem een praktiese voorbeeld. Ek het al vir iemand op Somerset-Wes gesê "Joe, dit is darem 'n mooi uitsig hier van julle huis" waarop die persoon gesê het: "Ek het nie tyd om gedurig na die uitsig te kyk nie". En dan kom jy by 'n volgende persoon en hy/sy sê "Joe, ons is bevoorreg. Kyk net alles wat God gemaak het. Ek kan dit nie genoeg waardeer nie". Somtyds kry jy mense wat in presies dieselfde omstandighede is, maar die een lyk of hy/sy die lewe geniet en die ander lyk of die lewe 'n straf is. Waar lê die verskil? Daar kan miskien baie redes wees, maar een van die belangrikste redes is, dat 'n mens met God se oë na elke klein dingetjie op aarde moet kyk.

Waardeer jy alles wat jy elke dag uit God se hand ontvang? Elke koppie koffie in die oggend, jou kinders se lag, die uitsig na die see, die feit dat jy genoeg kos het om te eet, die feit dat jy 'n werk het, die feit dat jy 'n tuin het – noem maar op.

Ek het eenkeer 'n gesprek gehoor van hoe 'n paar mense praat. Die een sê: "Julle in Somerset-Wes gaan seker gereeld see toe", waarop hy antwoord "Nee, ons het nie genoeg tyd nie". Die ander een sê: "Dit is vir my belangrik om see toe te gaan. Ek maak tyd". Maak jy tyd om die goeie uit God se

hand te geniet? Ons in Somerset-Wes het seker een van die die mooiste dorpe in die hele wêreld. Ons is baie bevoorreg. Maak ons tyd om dit te waardeer.

Die Prediker help ons met ander oë na die wêreld rondom ons te kyk. Ons mag dit nie vergeet nie.

(d) Doen reg (v 16)

Gemeente, die Prediker kyk eerlik na die probleme in die wêreld. Hy kyk na dinge wat hy nie verstaan nie. Een van hierdie dinge word in vers 16 genoem:

> "Verder het ek in hierdie wêreld gesien: waar daar reg moet geskied, is daar onreg; waar daar geregtigheid moet wees, is daar oortreding."

In vers 17 verwys hy na God wat reg spreek. Die Prediker smag na reg en geregtigheid op aarde. Ja, ek en jy smag ook daarna – veral in SA. Ons wil graag hê dat ander moet reg doen. God wil graag hê dat reg en geregtigheid sal geskied. Dit is wat ek en jy op aarde moet doen. Dit begin nie eerstens by ander nie. Of by die staat nie. Of by ons buurman nie. Dit begin by my en jou. Die vraag is of ek elke dag reg doen.

Ek onthou nog die woorde van een van ons gemeentelede wat praat oor sy baas en sê: "Daardie man was 'n regverdige en eerlike man. Hy het nie eers 'n potlood van die besigheid geneem nie."

Gebruik jy die tyd op aarde om reg te doen aan alle mense?

(e) Lewe as mense van die lig – veral in verhoudinge (Ef 5)

Gemeente, daar is twee plekke in die Bybel (1933/53 AV) waar die letterlike woorde "koop die tyd uit" voorkom. Die eerste is in Ef 5:16:

> "Ef 5:16 (1933/53 AV): "en koop die tyd uit, omdat die dae boos is"

Ons almal weet dat ons in 'n bose tyd, in 'n goddelose tyd leef. Paulus het dit alreeds beleef. Ek en jy beleef dit nog meer. En juis daarom word ons aangemoedig om die tyd uit te koop – om die beste van elke geleentheid te maak. In Ef 5 word daar 'n hele paar praktiese voorstelle gegee hoe ons dit kan doen.

- Vers 17 moedig ons aan om verstandig op te tree.
- Vers 18 waarsku ons teen die misbruik van drank en moedig ons aan om eerder vir God te loof en prys.
- Vers 19 moedig ons aan om God te dank met ons lewe.

- En dan van Ef 5:21 tot 6:9 word daar oor verhoudige gepraat – verhoudinge tussen man en vrou; verhoudinge tussen ouers en kinders; verhoudinge by die werk.

Ian Malherberbe (wat sy pa die afgelope week verloor het) vertel dat sy pa verskillende dinge gedoen het om verhoudinge tussen hulle familie te versterk. Sy pa se leuse was "ek wil vir julle memories agterlaat – nie money nie". En as 'n mens so met die kleinkinders gesels, hoor jy hoe lekker dit was om saam met oupa te kuier, saam met oupa vakansie hou. Hulle pa en oupa het 'n groot invloed in hulle lewe gehad, omdat hy 'n naby verhouding met hulle gehad het.

Wat maak ons met die tyd wat ons van God gekry het? Gebruik ons dit om verhoudinge te versterk of om te probeer geld en status bymekaar maak. Ek het al baie mense in die gemeente gehoor wat vir my gesê het "Danie, ek wens ek kon meer tyd aan my vrou/man en kinders spandeer het". Ek het nog niemand gehoor wat vir my gesê het: "Ek wens ek kon meer tyd by die werk spandeer het". Die Here het vir ons 'n werk/taak op aarde gegee wat ons goed en reg moet doen, maar die Here het ook vir ons mense gegee met wie ons op aarde saamleef. Ons moet voortdurend bid vir wysheid dat daar balans in ons lewe sal wees. Dat ons nie ons verhoudinge sal afskeep nie.

(f) Tree met wysheid op teenoor nie-gelowiges (Kol 4:5)

Gemeente, Kol 4:5 is die tweede gedeelte in die Bybel waar die uitdrukking "koop die tyd uit" voorkom:

> "Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit."

Hierdie vers verwys veral na die mense wat buite die gemeente is – dit wil sê mense wat nie vir die Here ken nie. God wil hê dat ons ook ons tyd sal gebruik om nie net aan ons eie mense en ons eie gemeentelede te spandeer nie. God wil ook hê dat ons die tyd wat ons kry sal gebruik om met wysheid teenoor nie-gelowiges op te tree.

Hoeveel tyd het jy die afgelope jaar gebruik om met nie-gelowiges oor die Here te gesels? Of wat het jy gedoen sodat hulle iets van die liefde van die Here beleef? Het jy al jou tyd en geld net aan gelowiges spandeer? Dalk het ek en jy meer tyd spandeer om oor nie-gelowiges te skinder as om met hulle oor die Here te gesels. In die vorige verse (Kol 4:2-4) word daar veral ook oor gebed gepraat. Hoeveel tyd spandeer jy om vir nie-gelowiges te bid of bid jy maar net vir jou eie familie?

(g) Tyd om te rus

Gemeente, nadat ek al hierdie punte genoem het, kan jy miskien dink "Daar is nie genoeg ure in my dag om alles te doen nie." God het vanaf die begin van die skepping rustye ingestel – Sabbatstye.

Reeds op die sewende dag het God gerus. Daarom as ons nie genoeg rus nie, kan ons ook nie die tyd uitkoop nie. Die ou monnikke het gesê: “Om goed te kan werk, moet jy goed kan bid en om goed te kan bid moet jy goed kan slaap.”

Maak jy genoeg tyd om te rus? Het jy Sabbatstye in jou lewe?

SLOT

Gemeente, ek weet nie hoeveel ure, dae, maande, jare ek en jy nog op aarde het nie. Gelukkig het God dit so in sy Alwysheid besluit dat ons dit nie moet weet nie; andersins sou ons met baie meer spanning geleef het – veral as jy weet wanneer jou dag naderkom.

Ons staan aan die begin van ’n nuwe skoolkwartaal en sommige van ons gaan jaag om by alles uit te kom wat ons graag wil doen. En dalk gaan ons ook vir mekaar sê “Ek het nie tyd nie”. God gee vir ons tyd op aarde – 24 uur of 1 440 minute elke dag. Wat maak jy met die tyd wat God vir jou gee? Koop jy die tyd uit?